

KIXPIRASIE KWARTAAL 2 2022

Net soos Nehemia

Benodigdhede: 'n Houer met verskillende onbekende lande of dorpe se name in.

Aktiwiteit: Elkeen kry 'n geleentheid om 'n land-/dorpnaam te trek en moet dan vir die res van die groep inligting oor daardie dorp gee (bv. wat kan 'n mens daar doen / watter tipe mense bly daar / wat kan 'n mens daar sien / is dit 'n ryk of arm land / ens.) Al ken jy nie die plek nie, moet jy maak asof jy die plek ken en vir die mense vertel wat daar aangaan. Wees kreatief! (Julle kan na die tyd die name gaan opsoek en kyk hoe ver van reg/verkeerd julle was).

Gesels saam:

- Was hierdie aktiwiteit maklik of moeilik?
- Hoekom was dit maklik/moeilik om inligting oor hierdie plek met die ander te deel?
- Het jy 'n emosionele konneksie met daardie plek gehad? Hoekom? Hoekom nie?

Lees: Nehemia 2:17, 20

Ons lees in Nehemia hoe hy, nadat hy gehoor het hoe sleg dit in Jerusalem gaan en dat die muur vernietig is, na Jerusalem toe gegaan het om ondersoek in te stel. Hy het tyd daar spandeer en kon daarom die situasie in Jerusalem verstaan en met die mense identifiseer. Hy het gedink in terme van "ons", want hy was deel van hulle. Nehemia het nie van ver af die projek gedryf nie, maar was fisies betrokke. Dit is een van die goed wat Nehemia 'n goeie leier gemaak het. En dit is een van die goed wat jou as KIX-leier die beste leier maak daar waar jy jou KIX-groep begelei. Jy is fisies betrokke by daardie groep. Jy ken elke kind, die omstandighede, julle omgewing, ens. As jy praat, praat jy van "ons" en nie van "hulle" nie. Jy is die perfekte een om die mure van verhoudings te bou. Die feit dat jy vandag 'n KIX-leier is, beteken dat jy 'n verskil wil maak daar waar jy is. Jy het gesê: "Kom ons begin die mure van die KIX-groep hier bou." Jy het gesê: "Ons sal met God se hulp suksesvol wees." Dankie dat jy, ten spyte van al die uitdagings, nie opgegee het op jou KIX-groep nie, maar steeds bly bou aan daardie mure van verhoudings...

Verhouding tussen die kinders en die Bybel

Verhouding tussen die kinders en God

Verhoudings tussen mekaar

Deel die volgende met mekaar:

- Hoekom het jy 'n KIX-groep begin?
- Wat dryf jou vandag nog om voort te gaan?

Bid vir mekaar: Draai twee-twee na mekaar toe en deel met mekaar iets spesifiek waarvoor daardie persoon vir jou kan bid. Bid dan saam.

Gebruik gerus van die volgende video's vir toerusting:

<https://youtu.be/ztAHFOZV6tw> (Die verskillende elemente van 'n KIX aanbieding)

<https://youtu.be/uPzLYc7iWfs> (Hoe om Bybelstories vir kinders aan te bied)

of verwys na die KIX handleiding: <https://kixkinders.co.za/wp-content/uploads/2021/11/Kixhandleiding-vir-hulpmiddels.pdf>

en die gebedsblokkie: <https://kixkinders.co.za/wpcontent/uploads/2021/11/gebedsblokkie-verskillende-gebede.pdf>